# 7 *Woensdag*

**SKRIFGEDEELTE: MATTEUS 1:1-6, 15-17**
**FOKUSGEDEELTE: MATTEUS 1:5**

## Salmon – God orden sy volk

Salmon? Net nog ’n naam in Christus se geslagsregister. Getroud met Ragab; vader van Boas. Verder is hy onbekend. Waarom soveel geslagsregisters? Meer as 50 in die Ou Testament? So het God sy volk ge-orden. Elke stam, familie op sy eie plek. Met die intog; ná die ballingskap – Esra 2:62. Josef en Maria, almal gaan vir registrasie na waar hulle voorgeslagte vandaan kom. Ook Paulus lê sy afkoms uit. Matteus, wat vir Jode skryf, sou hulle moeilik van ’n Koning kon oortuig sonder om sy afkoms te gee.

Die lyste wys hoe ordelik God werk. By Matteus drie reekse van 14, dus 42. God het ons iets van sy rekenkunde geleer: 42 = 7 x 6. Sou 7 staan vir die Seun van God, en 6 vir die Seun van die mens wat Hy deur soveel geslagte berei het? Sou Hy nie steeds met eweveel orde en presisie in óns lewens inwerk nie? Ons is immers ook deel van ’n lys – van hulle ter wille van wie Christus gestuur is. Van die versoendes wie se name eendag met die wederkoms uitgelees gaan word. Wat ’n ontsaglike troos!

Daar straal selfs méér troos uit die geslagsregisters. Dit is dat God gewone mense, onbekendes, kies. Dat Hy groot *sondaars* gekies en deur sy Gees berei het. Dink aan sy lang pad met Abraham, en hoe Dawid sy hart eers moes skeur. Dink aan vier vroue wat genoem word: Tamar, een dag ’n straatvrou; Ragab, voltyds ’n straatvrou; Rut, uit die volk deur bloedskande verwek en deur God vervloek (Deut. 23:3); Batseba wat só gebad het dat dit tot owerspel gelei het – en *moord*. Uit Salmon (donker) se nageslag word die Lig vir die wêreld gebore.

God se genade is groot. Hy sien selfs vir mý kans. Hy orden ook mý lewe presies!

*Sing: Psalm 145:3, 10*

*Ds. CJ (Cornel) Nagel (Messina)*